Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus gee vir 5000 mense kos

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest
Alastair Paterson

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Baie gelowige leiers (genoem Farisiers) het leuens oor Jesus vertel. Van hulle het probeer om Jesus dood te maak. Hulle het nie geglo dat Hy regtig die Seun van God is nie. Hulle het hom nie aanvaar nie al het hulle die wonderwerke gesien wat bewys het da thy die Seun van God is.

Eendag, het Jesus oor die see na Galilea. Miskien wou hy net 'n breuk gehad het van al die skares wat heeltyd om hom was. Maar hulle het Hom gou gevind.

Hulle het geweet Jesus het groot wonderwerke gedoen. Hulle wou by Hom wees.

Jesus het sy dissipels na 'n verlate plek op die berg gelei, waar hy gesit en hulle geleer het. Meer en meer mense het opgedaag. Dit was amper aandete en hulle moet honger wees.

Toe Jesus rondkyk en sien da 'n groot klomp mense na Hom toe aankom, sê Hy vir Filippus: "Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet?" Daar was nie winkels nie. Wat was Jesus van plan om te doen?





“Dit sal ‘n fortuin kos om die skare te voed,” het Fillipus Jesus geantwooord. Jesus en sy dissipels het nie veel geld gehad nie.





'n Ander dissipel, Andreas, die broer van Simon Petrus, sê toe vir Hom: "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; ..."

"… maar wat is dit vir so baie mense?" Andreas kon nie sien hoe sal die seuntjie se kos al die mense voed nie – al sou die seuntjie gewillig wees om sy ete vir Jesus te gee.



Toe sê Jesus: "Laat die mense gaan sit." Die mans het gaan sit, die mans alleen was omgtrent vyfduisend! Dit het nie eers die vrouens en kinders ingesluit, wat ook daar was nie.



Daarna het Jesus die brood en vis geneem. Die seuntjie het Jesus vertrou. Hy het nie geweet waarom Jesus sy ete wou hê nie, of wat Hy daarmee gaan doen nie. Miskien het hy gedink, "as ek my kos vir Jesus gee, wat gaan ek eet." Maar hy het dit nogtans vir Jesus gegee.

Daarna het Jesus gebid,
en God daarvoor gedank,
Vyf brode en twee
vissies. Ja, Jesus
het dankie gesê aan
God en Hom gevra om
die kos te seen.



Nadat Jesus gebid het, het Hy dit gebreek en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê. Dit is toe dat die mense die wonderwerk gesien het wat Jesus gedoen het. Almal het geeët soveel as wat hulle kon en die brood en vis het nie opgeraak nie.



Nadat die mense versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie." Die dissipels het dit bymekaargemaak. Daar was twaalf mandjies vol met die stukke wat van vyf garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het.



Daardie dag, het Jesus meer as 5000 mense gevoed met 'n klein seuntjie se ete. 'n Ander keer het Hy meer as 4000 mense met sewe brode en 'n paar visse gevoed. Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: "Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom."

Jesus gee vir 5000 mense kos

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Johannes 6 (Bladsy 130 NT)

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16